

# CAFÉ RICHE: 1 jaar jonk, 90 jaar oud

Kerkplein in Pretoria ondergaan 'n Renaissance. Met die oopmaak van 'n egte kontinentale KOFFIEKROEG gedurende September 1994 in die voormalige beroemde/berugte CAFÉ RICHE, het die eerste tekens van herlewing na hierdie pragtige, historiese stadsplein teruggekeer.

Alhoewel die nuwe Café Riche sy naam ontleen aan die oorspronklike 'lounge bar' van 1905, is daar vandag in die chic koffiekroeg weinig wat herinner aan die koloniale era van weleer of die 'rowdy saloon bar' wat tot ongeveer 1960 kleur aan Kerkplein-Wes verleen het.

Weg is die opgestopte jagtrofeë, die Edwardiaanse rotangmeubels en die varings op die kroegtoonbank. In 'n **1912 Lochhead's Guide Handbook & Directory of Pretoria**, adverteer RW Harcourt, die voormalige eienaar, Café Riche as Pretoria se 'most luxurious lounge bar ... opposite Post Office' en dié plek waar 'Only best brands of Foreign and Colonial liquors' geniet kan word. Weg is ook die wilde gevegte tussen kroegbesoekers aan die later berugte Café Riche Saloon Bar van die 'Depressie- en oorlogsjare waar ordentlike dames nie hul voete gesit het nie'. Vergete is ook dié vroue wat op 'n eensame soldaat of Pretorianer se uitnodiging, 'n teelepels deur die oor van 'n koppie gedruk, gereageer het. Ook nog net 'n mite is die regters wat in die Café Riche gewag het dat iemand hulle terug vergesel na die Paleis van Justisie.

Nou in die negentigste bestaansjaar van Café Riche, is dié een jaar jonge koffiekroeg 'n gewilde halfwegstasie oppad na die Aktekantere. Jong, gesondheidsbewuste juriste konsulteer reeds vroegoggend hier met selfoon en vars vrugtesap in die hand. Talle kom na afloop van uitsprake hul oorwinnings gepas vier met net die beste uit die Kaapse wynlande.

'n Paar jaar gelede is die Reserve Investment Building van 1905 (later bekend as die Café Riche-gebou), The Law Chambers van 1890 en die Ou Nederlandse Bankgebou van 1896, deur die argitek Albrecht Holm na hul voormalige glorie gerestoureer. Hierdie drie geboue op die suidwestelike hoek van Kerkplein is dan ook onlangs as Nasionale Gedenkwaardighede verklaar.

Die interieur, atmosfeer en spyskaart van die hervestigde **Café Riche Koffiekroeg** is deur sy twee nuwe eienaars, Elsa Lamb (kunstenaar) en Lamé Ebersöhn (sakevrou), so ontwerp dat dit simpatiek aansluit by die Art Nouveau-styl waarin die gebou oorspronklik opgerig is. Dit bestaan uit twee vertrekke: die *Merkurius* bied aan 30 persone op kroegstoele onbelemmerde uitsig oor Kerkplein en die rookvrye *Uil* het sitplek vir 22 persone by tafels. Dié twee vertrekke van die Café Riche herinner sterk aan bekende koffiehuisse en bistros in Europa. 'n Groot variasie van koffie, tee, ligte maaltye, 'n *plat du jour* en alkoholiese drankes word aangebied. Hierdie tipies kontinentale koffiekroeg is elke dag, ook naweke, vanaf 06:00 tot 24:00 oop en is gevolglik ook gewild by Pretoria se teatergangers en toeriste wat die middestad na-ure dood en uiters gebruikersonvriendelik vind. Party verwys reeds na die Café Riche as die 'juweel van Kerkplein'. Die eienaars is dan ook vasbeslote om die mooi, dog afgeskepte Kerkplein weer te laat herleef as die hart van Pretoria.

Onder aansporing van Lamé Ebersöhn is **Church Square Commerce**, 'n forum vir persone met besigheids- en eiendomsbelange in en rondom Kerkplein, gestig. Hierdie forum lewer reeds insette wat interessante veranderinge op Kerkplein, as die historiese stads-kern, in die vooruitsig stel.



Die "Uil" in die Café Riche

Die eienaars is besig om 'n herdenkingsuitgawe oor die beroemde/berugte Café Riche voor 1960 saam te stel. Bydraes in die vorm van foto's, staaltjies, ens. deur regsgeleerdes sal waardeer word. Tel 328-3173/323-1332.